9.1.1 RAPPORT DEPUTATE NASIONALE SINODE (Art 9)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Sake waarvan die vergadering kennis neem

1.1 Opdrag: Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:763, art 244).

1.2 Uitvoering van opdrag

1.2.1 Vraelyste aan predikante waarin 4 verskillende scenario's voorgehou. 38% het op die vraelyste gereageer.

1.2.2 Skrywes aan Partikuliere Sinodes in 2004 gestuur waarin die 4 scenario's deurgegee is. Na terugvoer is weer in November 2005 twee scenario's aan die Partikuliere Sinodes voorgelê.

1.2.2.1 **Scenario 1**

Werkswyse

- Opening, konstituering en verkiesing van moderamen.
- Stel die rapporte van die Roepende Kerkraad, Deputate Agenda, Deputate Programmering en Deputate Regsaangeleenthede insake ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte.
- Die Deputate Agenda stel formeel die Agenda en Aanvullende Agenda (in geheel).
- Die vergadering verwys die Agenda en Aanvullende Agenda na die aangewese Kommissies (Rapport Programmering).
- Die vergadering verdaag in Kommissies wat die toegewysde Rapporte, Beskrywingspunte, Beswaarskrifte en Appèlle behandel en stel dan hulle Kommissierapport op.
- Die Kommissies gebruik twee of drie dae om toegewysde sake te behandel en Rapporte voor te berei. Die Ordekommissie kry dan opdrag om die praktiese tydsreëlings in oorleg met die Moderamen en Kommissievoorsitters te tref.
- Die Rapporte, Beskrywingspunte, Appèlle en Beswaarskrifte word gelyktydig saam met die Kommissierapporte gestel (mbv dataprojektor op groot skerm).
- Die vergadering bespreek die gestelde sake en Rapporte saam en neem dan besluite.

1.2.2.2 **Scenario 2**

Werkswyse

- Die Deputate Programmering stel soos gewoonlik Kommissies saam vir Appèlle, Beswaarskrifte, Beskrywingspunte, Finansies, Benoeming Deputate, maar nie vir alle ander sake nie.
- Die Agenda word dan stelselmatig deurgewerk, afgehandel en besluite word geneem. Alleen sake wat die Sinode nie ter sitting kan afhandel nie word vir herformulering na 'n ad hoc-kommissie verwys. (Die Ordekommissie sal ad hoc-kommissies gereed hê vir onmiddellike verwysing.)
- (Nota: Scenario 2 is eintlik 'n terugkeer na die werkswyse voor 1976.)

1.2.2.3 **Scenario 3**

Werkswyse

(Nota: Dieselfde werkswyse as scenario 1 met een enkele wysiging, nl dat die Deputate Agenda nie die Agenda/Aanvullende Agenda stel nie, maar elke Rapporteur sy Rapport, Beswaarskrif, ens stel. Dat uit scenario 2 die volgende geneem word: dat sake wat afgehandel kan word, afgehandel word.)

- Opening, konstituering en verkiesing van Moderamen.
- Stel die Rapporte van die Roepende Kerkraad, Deputate Agenda, Deputate Programmering en Deputate Regsaangeleenthede insake ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte.
- Alle sake in die Agenda en Aanvullende Agenda word gestel en Rapporteurs kry kort geleentheid om net toeligting te gee.
- Die vergadering verwys die sake van die Agenda en Aanvullende Agenda na die aangewese Kommissies (Rapport Programmering).
- Sake wat afgehandel kan word, word staande die vergadering afgehandel.
- Die vergadering verdaag in Kommissies wat die toegewysde Rapporte, Beskrywingspunte, Beswaarskrifte en Appèlle behandel en stel dan hulle Kommissierapport op. Alle insette word by die Kommissies gelewer.
- Die Kommissies gebruik hulle tyd optimaal om toegewysde sake te behandel en Rapporte voor te berei. Die Ordekommissie kry opdrag om die praktiese tydsreëlings in oorleg met die Moderamen en Kommissievoorsitters te tref.
- Die Rapporte, Beskrywingspunte, Appèlle en Beswaarskrifte word gelyktydig saam met die Kommissierapporte gestel (mbv dataprojektor op groot skerm).
- Die vergadering bespreek die gestelde sake en Rapporte saam en neem dan besluite.

1.3 Ander sake vanaf Partikuliere Sinodes

1.3.1 Die versoek is gerig dat die Nasionale Sinode in die toekoms Appèlle na ‘n Deputate Regsake/Appèlle verwys wat afhandelingsbevoegdheid verkry. Hierdie Deputate bestaan uit ten minste 3 afgevaardigdes per Partikuliere Sinode wat verkieslik kundiges op die gebied van die kerkreg is. Die Kommissie hanteer alle Appèlle en oefen regspraak uit en rapporteer aan die volgende Sinode van hulle werksaamhede.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die vergadering besluit

Die volgende word aanbeveel:

2.1 Werkswyse: dat Scenario 3 gebruik word as werkswyse vir die Sinode 2006.

2.2 Dat elke afgevaardigde hierdie werkswyse krities beoordeel en aan die einde terugvoering gee aan die Ordekommissie, sodat in ‘n finale Rapport aan die einde van die Sinode gebreke uitgewys kan word, en sodoende ‘n opdrag geformuleer kan word aan die te benoeme Deputate Nasionale Sinode.

2.3 Dat die Sinode aan die te benoeme Deputate Nasionale Sinode opdrag gee om ‘n werkbare metode, wat ook aan die vereistes van die Kerkorde en die Skrifbeginsels van reg en geregtigheid voldoen, voor te lê, waarin Appèlle buite die normale vergadertyd van Sinodes behandel en afgehandel kan word.

Besluit: Goedgekeur.

10. RAPPORT VAN DIE DEPUTATE VIR PROGRAMMERING (Art 10)

A. Ds CA Jansen stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Die opdrag is vervat in die Handelinge van die Nasionale Sinode

1.1 Acta 1979:301, art 76, 3.1.5
1.2 Acta 1991:491 – 494
1.3 Acta 1994:726 – 728
1.4 Acta 2000:31

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 *Deputate*

2.1.1 Die Deputate aangewys deur die Nasionale Sinode 2003 (Acta 2003:763): Ds LH van Schaik (voorsitter), ds CA Jansen (skriba), ds PD van Dyk, br HSJ Vorster, dr W du Plessis, asook die volgende verteenwoordigers van die Partikuliere Sinodes: Ds DJ de Kock (Bosveld), oudl W Cilliers (Pretoria), ds W Vogel (Noordwes), ds J van Schaik (Oostelike), ds TJ van Vuuren (OVS&Natal), dr D Lartz (Randvaal), ds D Pansegrouw (Suidelike) en dr JA Kruger (Adjunkdirekteur Administratiewe Buro) het op 01 Desember 2005 vergader om die voorlopige programmering van die Agenda van die Nasionale Sinode 2006 te doen.

2.1.2 Al die Deputate genoem in 2.1 het weer op 03 Januarie 2006 vergader en hierdie Rapport saamgestel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvan die Sinode kennis neem

3.1 Die Sinode het 135 sake om af te handel. Dit sluit oa in: 67 Rapporte, 5 Appèlle, 26 Beswaarskrifte en 18 Beskrywingspunte.
3.2 Elke dag het ongeveer 9 uur en 30 minute beskikbaar om te vergader.
3.3 Die koshuis, “Kom en Gaan”, moet op Vrydag, 13 Januarie om 08:00 ontruim word.
3.4 Die Sinode kos R175,00 per afgevaardigde per dag (reiskoste en administrasie uitgesluit).

Besluit: Kennis geneem.

4. Stel van die Agenda

4.1 In die lig van die Rapport van die Deputate Agenda Nasionale Sinode, word die Agenda en Aanvullende Agenda saak vir saak gestel (sien Rapport Deputate Nasionale Sinode – werkswyse Scenario 3).
4.2 Alle sake in die Agenda en Aanvullende Agenda word as voorberei beskou.

Besluit: Kennis geneem.